# RINGSPROJEK – MULTIKULTURELE UITREIKE

## Finansiële uitdagings en nog meer aanpassings:

Verlede jaar, 2011 het afgeloop met eweneens nog meer veranderinge en aanpassings. Hoewel daar geld beskikbaar was vir die herstel van ons kerkgebou, het die gemeente steeds gesukkel om sy inkomstes en uitgawes te laat klop. Die grootste uitgawe was egter die leraar se salaris en dus het die leiers van Anchor of Hope besluit om teen einde Julie 2012 leraar se salaries ingrypend te sny tot op 'n punt waar dit vir die gemeente meer moontlik sou wees om finansieel te oorleef. Hierdie besluit, sowel as die leierskapsopleiding wat die leiers en die potensiële leiers van die gemeente deurloop het (aangebied deur past Nick van Rensburg van Bay City Church), het die gemeente uitgedaag om weer nuut te begin dink oor die "kerk", "leierskap" en "die leraar". Daar is besluit dat die leraar 'n minder prominente rol binne die gemeente moet speel, sodat gemeentelede die geleentheid kan kry om 'n groter rol te begin speel en ook om sodoende die leraar die geleentheid en tyd te gee om in sy eie inkomste te voorsien. Vir 'n geruime tyd het dit vir ons duidelik geword dat die Here ons deur 'n proses van vernuwing neem, maar vernuwing kan nie plaasvind sonder dat iets nie doodgaan nie en dus het dit vir ons duidelik geword dat die tradisionele "dominee" binne Anchor of Hope ook sal moet sterf. Hierdie besluit was vir baie lidmate soos 'n doodstyding. Sommige lidmate het begin om al meer onveilig, onseker en sonder sekuriteit te voel. Vrae is gevra: *"Wie gaan ons begrawe?", "Wie gaan ons besoek wanneer ons siek is?", "Wie gaan ons met berading bedien?", "Wie gaan vir ons Sondag preek", "Wie gaan dan die Evangelie aan die mense verkondig?", "Wie gaan ons kinders doop en belydenis van geloop laat aflê?", "Wie gaan vir ons bid?"* ens. Ons antwoord nou is: "*Julle saam met ons*".

## Leierskapsretrait en Leierskapskrisis:

Vanaf 1 – 6 Oktober 2011 het ons gaan kamp, aanvanklik net eers met 'n paar potensiële ouderlinge en later in die week het ons ook die potensiële diakens ingesluit. Hierdie was 'n baie belangrike kamp aangesien die hele huidige leierskap bedank het teen April 2012. 'n Nuwe groep leiers is uit hierdie potensiële leiers aangestel en Anchor of Hope het vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n swart buitelander op sy leierskap nl. ouderling Prosper Funkwa (Kongolees).



## Paasnaweek kamp:

Dissipelskap is 'n saak wat meer en meer brandend begin word het onder verskeie lidmate binne ons gemeente. Die vraag is gevra: "Wat maak ons met ons nuwe lidmate?" en "Hoe kan ons verseker dat die kerk steeds groei?" Ons moet van hulle dissipels maak, maar dissipels wat nie net geleer word nie, maar ook leer om ander dissipels te maak. Ons het begin om te kyk na die opleiding van Dawid Watson (http://www.cpmtr.org/category/video/) en een beginsel wat na vore gekom het is om hulle te leer om die Woord op 'n eenvoudig manier te interpreteer deur "*Observation, Interpretation and Application*". Dít was dan ook ons fokus van ons Paasnaweek kamp. Danksy die ruim skenking van Klema, was dit vir ons moontlik om met ±50 mense te gaan kamp en was dit nie vir die afsnydatum en gebrek aan genoeg slaapplek nie, sou ons sekerlik ten minste nog 15 mense ekstra bygehad het. Pastor Prosper skryf: "*According to our youth pastor, David, the program was very good to others they were happy about discipleship and others they were happy about the games, even now they keep asking me when are we going to have next camp.*"

## Kidsklub:




Die Kidsklub word op die oomblik nog net net eenmaal per kwartaal aangebied, maar ten spyte hiervan het ons alreeds 'n groei gesien van tot 50+ kinders. Ons moes egter ongelukkig die byeenkomste staak tydens die herstel van die gebou. Die volgende byeenkomste sal weer hervat op 25 Augustus, 22 September en 13 Oktober.

## Seisoen van rus:

Teen die einde van 2011 was almal in die gemeente redelik vuisvoos, soveel so dat ons besluit het om geen basaar te hou nie. Behalwe vir ons Paasnaweek kamp, het omtrent alles tot stilstand gekom in 2012 as gevolg van die opgradering van ons kerkgebou. Ons het geen Pinkster gehad nie en moes die gemeente elke Sondag in een van die 4 geïdentifiseerde huise vergader. Engelse klasse, rekenaar klasse, gebedsgeleenthede, evangelisasie uitreike, kids clubs ens. het vir eers tot stilstand gekom.

## 'n Nuwe kerkgebou en 'n nuwe begin:

Op 29 Julie 2012 het Anchor of Hope sy opgegradeerde gebou amptelik ingewy. Vriende en oudlidmate is almal genooi. Weer vir die eerste keer in baie jare was ons kerkgebou propvol. Sitplek was skaars, maar eetgoed volop. Wat 'n vreugdevolle dag met die boodskap: "Laat ons God se Hoop wat Hy ons gegee het, nie vir onsself hou nie.





## Die orrel storie:

Aan die begin van Mei 2012 ontdek ons dat ons orrel foutief is en na 'n waardasie deur "Pekelharing" beloop die herstelkoste R8 000. Hoe nou gemaak, want R8 000 het nie meer beskikbaar gehad nie? Pekelharing het ook nie veel hoop gehad dat ons die orrel sou kon verkoop nie, maar het wel die herverkoopwaarde beraam rondom R30 000. Hulle was egter bereid om die orrel by ons te koop vir gebruik van die onderdele en daarvoor sou hulle ons R25 000 gee. Ons het die gemeente gevra om hieroor te bid vir die volgende 2 weke en indien ons nie 'n skenking kon kry om die orrel te herstel nie, ons dus geen ander keuse sou hê as om die orrel te verkoop nie. Tydens hierdie 2 weke het 'n orrelversamelaar uit Gauteng iewers van ons orrel te hore gekom. Hy het afgevlieg en na die orrel kom kyk en voor die 2 weke verstreke was, het hy aan ons 'n aanbod van R30 000 gemaak. Dit was egter nie al nie, omdat hy gehoor het waarmee ons gemeente besig is, het hy 'n ekstra R10 000 by hierdie bedrag

gevoeg om die totaal op te skuif na R40 000. Nodeloos om te sê, ons het geen ander keuse gehad as om hierdie leiding van die Here te aanvaar nie.

## Hulp vir sommige:


Die meeste van ons Ringsprojek se fondse het hierdie jaar ingegaan in die hulpverlening aan sommige van ons lidmate wat dit finansieel moeilik gevind het om te oorleef. Ons is deeglik bewus daarvan dat ons nie persone kunsmatig in situasies moet hou wat nie volhoubaar is nie en daarom stap ons met elkeen 'n persoonlik pad om hulle te help om "vis te vang" en om nie van die gemeente afhanklik te word nie..




## "Barefoot Conference" (IUM-SiCiLi 2012)

Ek wil my opregte dank uitspreek teenoor die Ringskommissie vir die feit dat julle dit vir my moontlik gemaak het om hierdie konferensie te kon bywoon. Dit was waarlik 'n voorreg om te kon sien en hoor wat die Here besig is om te doen in die middestad van Pretoria, maar ook in ander stede in Suid Afrika en ook Afrika (oa. Egipte en Ethiopië).

Wat bring ek huistoe? Net vir eers 'n paar gedagtes:




1) Dat net soos Jesus geroep was vir die siekes en sondaars (Markus 2:17), is dit die kerk se roeping om besig te wees met die siekes en sondaars.
2) In die middestad van Pretoria het 6x NG Kerke toegemaak, maar in hulle plekke het die Here gemeentes soos die AGS se Doxa Deo en para-kerklike organisasies (PEN, IUM, TLF, Echo Youth), gebruik om die werk voort te sit. Ek het begin wonder waarom ons as NG Kerk nie gereed is vir hierdie uitdaging nie? Is dit dalk omdat ons nooit geleer het om self kaalvoet te word ter wille van hulle wat kaalvoet is nie? Ons is dalk te gewoond om af te praat na ander in nood in plaas van op.
3) Dagsorg sentrums is 'n sleutel tot die bereiking van baie kinders in die middestadsomgewing. PEN bereik meer as 'n honderd kinders deur 'n samewerkingsooreenkoms met baie van die dagsorg sentrums in die omgewing. Hulle verskaf die opleiding en die materiaal en so maak hulle seker dat kindertjies van kleins af die Evangelie hoor, maar so ook 'n kwaliteit voorbereiding vir skool ontvang.
4) Die tyd het aangebreek dat ons leer om te "worship" op 'n eg Afrika manier. 'n Aanbiddingstyl wat alle kulture insluit en waarmee almal gemaklik en tuis kan voel om hulleself uit te druk. Vir hierdie

doel beplan ons ‘n “Africa Worship Workshop” iewers deur die loop van die jaar of vroeg volgende jaar.

5) Dit is geweldig indrukwekkend om te sien hoeveel geboue IUM in die middestad opgekoop het om sodoende lae koste behuising te skep vir mense in nood. Hierdie is ook ‘n wonderlike geleentheid om die middestad op te gradeer met netjiese geboue en om te verseker dat die deur vir die Evangelie oop bly binne die stad. Hierdie behuising word ook gebruik om behuising te verskaf vir lidmate en geestelike werkers wat ‘n verskil wil kom maak in die middestad. Dalk moet ons hierdie moontlikheid ondersoek.

## Ten slotte:

**Ons as N.G. Kerk Anchor of Hope wil sy opregte dank uitspreek teenoor die Ring vir hulle ondersteuning, nie net finansieel nie, maar ook in terme van julle bemoediging. Dit word opreg waardeer.**
**Baie dankie.**

Gillie Noeth
3 September 2012